THE PROVINCE OF GAUTENG

DIE PROVINSIE GAUTENG

Provincial Gazette
Provinsiale Koerant

Selling price • Verkoopprys: **R1,75**
Other countries • Buitelands: **R2,25**

Vol. 1 PRETORIA, 13 SEPTEMBER 1995 **No. 69**

Which includes / Waarby ingesluit is—

A

PROCLAMATIONS	***PROKLAMASIES***
PREMIER'S NOTICES	***PREMIERSKENNISGEWINGS***
GENERAL NOTICES	***ALGEMENE KENNISGEWINGS***

B

NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES	***PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWINGS***
TENDERS	***TENDERS***

PROVINCIAL GAZETTE OF GAUTENG
PROVINSIALE KOERANT VAN GAUTENG

(Published every Wednesday) • (Verskyn elke Woensdag)

All correspondence, notices, etc., must be addressed to the **Director-General: Gauteng Provincial Administration, Private Bag X64, Pretoria,** and if delivered by hand, must be handed in on the Sixth Floor, Room 628, Old Poynton Building, Church Street, Pretoria. Free copies of the *Provincial Gazette* or cuttings of notices are not supplied.

Alle korrespondensie, kennisgewings, ens., moet aan die **Direkteur-generaal: Gauteng Provinsiale Administrasie, Privaat Sak X64, Pretoria,** geadresseer word en indien per hand afgelewer, moet dit op die Sesde Verdieping, Kamer 628, Ou Poyntongebou, Kerkstraat, Pretoria, ingedien word. Gratis eksemplare van die *Provinsiale Koerant* of uitknipsels van kennisgewings word nie verskaf nie.

SUBSCRIPTION RATES (PAYABLE IN ADVANCE) AS FROM 1 APRIL 1995

Gauteng Provincial Gazette (including all Extraordinary Gazettes) are as follows:

- Yearly (post free) = **R99,18.**
- Price per single copy (post free) = **R1,75 each.**
- Zimbabwe and other countries, yearly (post free) = **R121,67.**
- Zimbabwe and other countries, per single copy (post free) = **R2,25 each.**

Obtainable at the Sixth Floor, Room 628, Old Poynton Building, Church Street, Pretoria, 0002.

INTEKENGELD (VOORUITBETAALBAAR) MET INGANG 1 APRIL 1995

Gauteng Provinsiale Koerant (met inbegrip van alle Buitengewone Koerante) is soos volg:

- Jaarliks (posvry) = **R99,18.**
- Prys per eksemplaar (posvry) = **R1,75 elk.**
- Zimbabwe en buitelands, jaarliks (posvry) = **R121,67.**
- Zimbabwe en buitelands, per eksemplaar (posvry) = **R2,25 elk.**

Verkrygbaar by die Sesde Verdieping, Kamer 628, Ou Poyntongebou, Kerkstraat, Pretoria, 0002.

NOTICE RATES AS FROM 1 APRIL 1995

Notices required by Law to be inserted in the *Provincial Gazette:*

Double column:

R12,42 per centimetre or portion thereof.
Repeats = R9,54.

Subscriptions are payable in advance to the Director-General, Private Bag X225, Pretoria, 0001.

KENNISGEWINGTARIEWE MET INGANG VAN 1 APRIL 1995

Kennisgewings wat volgens Wet in die *Provinsiale Koerant* geplaas moet word:

Dubbelkolom:

R12,42 per sentimeter of deel daarvan.
Herhaling = R9,54.

Intekengelde is vooruitbetaalbaar aan die Direkteur-generaal, Privaat Sak X225, Pretoria, 0001.

C. V. VAN SCHALKWYK,

for Director-General. (K5-7-2-1)

C. V. VAN SCHALKWYK,

namens Direkteur-generaal. (K5-7-2-1)

CONDITIONS FOR PUBLICATION
VOORWAARDES VIR PUBLIKASIE

CLOSING TIMES FOR THE ACCEPTANCE OF NOTICES

1. The *Provincial Gazette* is published every week on Wednesdays and the closing time for the acceptance of notices which have to appear in the *Provincial Gazette* on any particular Wednesday, is **10:00 on the Tuesday two weeks before the Gazette is released.** Should any Wednesday coincide with a public holiday, the date of publication of the *Provincial Gazette* and the closing time of the acceptance of notices will be published in the *Provincial Gazette*, from time to time.

2. (1) Copy of notices received after closing time will be held over for publication in the next *Provincial Gazette*.

(2) Amendment or changes in copy of notices cannot be undertaken unless instructions are received **before 15:30 on Wednesdays one week before the Gazette is released.**

THE GOVERNMENT PRINTER INDEMNIFIED AGAINST LIABILITY

3. The Government Printer will assume no liability in respect of–

(1) any delay in the publication of a notice or publication of such notice on any date other than that stipulated by the advertiser;

(2) any editing, revision, omission, typographical errors resulting from faint or indistinct copy.

LIABILITY OF ADVERTISER

4. Advertisers will be held liable for any compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Government Printer in consequence of the publication of any notice.

SLUITINGSTYE VIR DIE AANNAME VAN KENNISGEWINGS

1. Die *Provinsiale Koerant* word weekliks op Woensdae gepubliseer en die sluitingstyd vir die aanname van kennisgewings wat op 'n bepaalde Woensdag in die *Provinsiale Koerant* moet verskyn, is **10:00 op die Dinsdag twee weke voordat die Koerant vrygestel word.** Indien enige Woensdag saamval met 'n openbare vakansiedag, verskyn die *Provinsiale Koerant* op 'n datum en is die sluitingstye vir die aanname van kennisgewings soos van tyd tot tyd in die *Provinsiale Koerant* bepaal.

2. (1) Kopie van kennisgewings wat na sluitingstyd ontvang word, sal oorgehou word vir plasing in die eersvolgende *Provinsiale Koerant.*

(2) Wysiging van of veranderings in die kopie van kennisgewings kan nie onderneem word nie tensy opdragte daarvoor ontvang word **voor 15:30 op Woensdae een week voordat die Koerant vrygestel word.**

VRYWARING VAN DIE STAATSDRUKKER TEEN AANSPREEKLIKHEID

3. Die Staatsdrukker aanvaar geen aanspreeklikheid vir–

(1) enige vertraging by die publikasie van 'n kennisgewing of vir die publikasie daarvan op 'n ander datum as dié deur die adverteerder bepaal;

(2) enige redigering, hersiening, weglating, tipografiese foute of foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan.

AANSPREEKLIKHEID VAN ADVERTEERDER

4. Die adverteerder word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat ontstaan uit enige aksie wat weens die publikasie van 'n kennisgewing teen die Staatsdrukker ingestel mag word.

COPY

5. Copy of notices must be TYPED on one side of the paper only and may not constitute part of any covering letter or document.

6. *All proper names and surnames must be clearly legible, surnames being underlined or typed in capital letters. In the event of a name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the notice will be republished only upon payment of the cost of a new insertion.*

PLEASE NOTE: ALL NOTICES MUST BE TYPED IN DOUBLE SPACING, HANDWRITTEN NOTICES WILL NOT BE ACCEPTED

7. *In the event of a notice being cancelled, a refund will be made only if no cost regarding the placing of the notice has been incurred by the Government Printing Works.*

PROOF OF PUBLICATION

8. Copies of the *Provincial Gazette* which may be required as proof of publication may be ordered from the Gauteng Provincial Administration at the ruling price. The Gauteng Provincial Administration will assume no liability for any failure to post such *Provincial Gazette(s)* or for any delay in dispatching it/them.

KOPIE

5. Die kopie van kennisgewings moet slegs op een kant van die papier GETIK wees en mag nie deel van enige begeleidende brief of dokument uitmaak nie.

6. *Alle eiename en familiename moet duidelik leesbaar wees en familiename moet onderstreep of in hoofletters getik word. Indien 'n naam verkeerd gedruk word as gevolg van onduidelike skrif, sal die kennisgewing alleen na betaling van die koste van 'n nuwe plasing weer gepubliseer word.*

LET WEL: ALLE KENNISGEWINGS MOET GETIK WEES IN DUBBELSPASIËRING, HANDGESKREWE KENNISGEWINGS SAL NIE AANVAAR WORD NIE.

7. *By kansellasie van 'n kennisgewing sal terugbetaling van gelde slegs geskied indien die Staatsdrukkery geen koste met betrekking tot die plasing van die kennisgewing aangegaan het nie.*

BEWYS VAN PUBLIKASIE

8. Eksemplare van die *Provinsiale Koerant* wat nodig mag wees ter bewys van publikasie van 'n kennisgewing kan teen die heersende verkoopprys van die Gauteng Provinsiale Administrasie bestel word. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir die versuim om sodanige *Provinsiale Koerant(e)* te pos of vir vertraging in die versending daarvan nie.

Important Notice

1. Please post your advertisements early.
2. Please send a covering letter with all advertisements you submit.
3. Please do not send duplicates of letters or advertisements.

Belangrike Kennisgewing

1. Sorg asb. dat u advertensies vroegtydig gepos word.
2. Stuur asb. 'n dekkingsbrief saam met alle advertensies.
3. Moet asb. geen duplikaatbriewe of -advertensies stuur nie.

GENERAL NOTICES · ALGEMENE KENNISGEWINGS

NOTICE 3340 OF 1995

DELEGATION OF FUNCTIONS BILL, 1995

In terms of Rule 127(1)(a) of the Standing Rules of the Provincial Legislature, the Delegation of Functions Bill, 1995, is hereby published for general information.

Any person or organisation wishing to comment on the said Bill may lodge his, her or its written comment with me before 4 October 1995 by posting it to or handing it in at the following address:

Ms L. van Niekerk
Room D.G. 8
Directorate Legal Services
Old Provincial Head Quarter Building
corner of Pretorius and Bosman Streets
PRETORIA
0001
Telephone 201-3051.

BILL

To provide for the delegation of functions by a competent authority and for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Provincial Legislature of Gauteng, as follows:—

Definitions

1. In this Act, unless the context indicates otherwise—

"Act of the Province" means an Act passed by the Provincial Legislature or any law the administration of which has been assigned to a competent authority within the jurisdiction of the government of the Province under section 235(8) of the Constitution;

"competent authority", in relation to an Act of the Province, means the member of the Executive Council entrusted with the administration of such Act in terms of that Act or the Constitution;

"Constitution" means the Constitution of the Republic of South Africa, 1993 (Act No. 200 of 1993);

Delegation of functions by competent authority

2. (1) Unless a contrary intention appears from an Act of the Province, the competent authority concerned may, on such conditions as he or she may determine, in writing authorize—

(a) any officer or employee, or an officer or employee of a particular rank, in the Provincial Administration; or

(b) any institution or body in the Province established by law,

to exercise any power or to perform any duty conferred or imposed on such competent authority by or in terms of that Act, excluding the power to issue proclamations or regulations.

(2) A competent authority who has granted an authority under subsection (1) shall not be prevented from performing the function concerned himself or herself, and may at any time in writing withdraw such authority.

Repeal of Ordinance No. 20 of 1945

3. The Delegation of Powers Ordinance, 1945 (Ordinance No. 20 of 1945), is hereby repealed.

Short title and commencement

4. This Act shall be called the Delegation of Functions Act, 1995, and shall be deemed to have come into operation on 17 June 1994.

MEMORANDUM IN TERMS OF RULE 132 ON THE DELEGATION OF FUNCTIONS BILL, 1995

(i) **Reasons for the Bill**

It would appear that there is a need in the Administration for a new Act on the Delegation of Functions, since section 15(2) of the Provincial Government Act, 1986 (Act No. 69 of 1986), has been repealed while the Delegation of Powers Ordinance, 1945 (Ordinance No. 20 of 1945), only authorizes the delegation of powers by the Administrator (Premier).

(ii) **Social impact of the Bill**

None.

(iii) **Environmental impact of the Bill**

None.

(iv) **Financial implications of the Bill**

None.

(v) **Comments**

The Bill has not yet been published for comments. No comments on the suggestions of the State Law Advisors have been received from the Administration.

(vi) **Clause-by-clause explanation of the content of the Bill**

Clause 1

In this clause certain expressions used in the Bill are defined.

Clause 2

This clause empowers a competent authority (i.e. the MEC entrusted with the administration of an Act of the Province in terms of that Act or the Constitution), on such conditions as it may determine, to authorize in writing—

(a) any officer or employee, or an officer or employee of a particular rank; or

(b) any institution or body in the Province established by law,

to exercise any power or to perform any duty of such competent authority, excluding the power to issue proclamations or regulations.

It also provides that the competent authority shall not be prevented from performing any function so authorized, and that such authority may be withdrawn in writing.

Clause 3

It repeals the Delegation of Powers Ordinance, 1945 (Ordinance No. 20 of 1945).

Clause 4

To provide a short title for the Bill.

(vii) **Other information deemed necessary by the member in charge of the Bill**

None.

KENNISGEWING 3340 VAN 1995

WETSONTWERP OP DELEGASIE VAN WERKSAAMHEDE, 1995

Ingevolge Reël 127(1)(a) van die Staande Reëls van die Provinsiale Wetgewer, word die Wetsontwerp op Delegasie van Werksaamhede, 1995, hiermee ter algemene inligting gepubliseer.

Enige persoon of organisasie wat kommentaar op genoemde Wetsontwerp wil lewer kan sy of haar skriftelike kommentaar voor 4 Oktober 1995 by my indien deur dit te pos na of in te handig by die volgende adres:

Me. L. van Niekerk
Kamer D.G. 8
Direktoraat Regsdienste
Ou Provinsiale Hoofkantoorgebou
hoek van Pretorius- en Bosmanstraat
PRETORIA
0001
Telefoon 201-3051.

WETSONTWERP

Om voorsiening te maak vir die delegasie van werksaamhede deur 'n bevoegde gesag en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie Gauteng, soos volg:—

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"bevoegde gesag", met betrekking tot 'n Wet van die Provinsie, die lid van die Uitvoerende Raad aan wie die Administrasie van sodanige Wet toevertrou is kragtens daardie Wet of die Grondwet;

"Grondwet" die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet No. 200 van 1993);

"Wet van die Provinsie" 'n Wet aangeneem deur die Provinsiale Wetgewer of 'n wet waarvan die uitvoering ingevolge artikel 235(8) van die Grondwet aan 'n bevoegde gesag binne die regsbevoegdheid van die regering van die Provinsie opgedra is.

Delegasie van werksaamhede deur bevoegde gesag

2. (1) Tensy 'n teenstrydige bedoeling uit 'n Wet van die Provinsie blyk, kan die betrokke bevoegde gesag op dié voorwaardes wat hy of sy bepaal, skriftelik—

(a) enige beampte of werknemer, of 'n beampte of werknemer van 'n besondere rang, in die Provinsiale Administrasie; of

(b) enige instelling of liggaam in die Provinsie by wet ingestel,

magtig om enige bevoegdheid uit te oefen, of om enige plig te verrig, wat aan sodanige bevoegde gesag by of ingevolge daardie Wet verleen of opgelê is, uitgesonderd die bevoegdheid om proklamasies of regulasies uit te vaardig.

(2) 'n Bevoegde gesag wat 'n magtiging kragtens subartikel (1) verleen het, word nie belet om die betrokke werksaamheid homself of haarself uit te voer nie, en kan te eniger tyd skriftelik sodanige magtiging terugtrek.

Herroeping van Ordonnansie No. 20 van 1945

3. Die Ordonnansie insake die Opdrag van Bevoegdhede, 1945 (Ordonnansie No. 20 van 1945), word hierby herroep.

Kort titel en inwerkingtreding

4. Hierdie Wet heet die Wet op die Delegasie van Werksaamhede, 1995, en word geag op 17 Junie 1994 in werking te getree het.

MEMORANDUM KRAGTENS REËL 132 OOR DIE WETSONTWERP OP DELEGASIE VAN WERKSAAMHEDE, 1995

(i) **Redes vir die Wetsontwerp**

Dit blyk dat daar binne die Administrasie 'n behoefte vir 'n nuwe Wet op die Delegasie van werksaamhede is, aangesien artikel 15(2) van die Wet op Provinsiale Regering, 1986 (Wet No. 69 van 1986), herroep is, terwyl die Ordonnansie insake die Opdrag van Bevoegdhede, 1945 (Ordonnansie No. 20 van 1945), slegs die delegasie van bevoegdhede deur die Administrateur (Premier) magtig.

(ii) **Sosiale impak van die Wetsontwerp**

Geen.

(iii) **Omgewingsimpak van die Wetsontwerp**

Geen.

(iv) **Finansiële implikasies van die Wetsontwerp**

Geen.

(v) **Kommentaar**

Die Wetsontwerp is nog nie vir kommentaar gepubliseer nie. Geen kommentaar op die voorstelle van die Staatsregsadviseurs is vanaf die Administrasie ontvang nie.

(vi) **Klousule-vir-klousule verduideliking van die inhoud van die Wetsontwerp**

Klousule 1

In hierdie klousule word sekere uitdrukkings wat in die Wetsontwerp gebruik word, omskryf.

Klousule 2

Hierdie klousule magtig 'n bevoegde gesag (i.e. die LUR belas met die administrasie van 'n Wet van die Provinsie ingevolge daardie Wet of die Grondwet) om op sodanige voorwaardes as wat dit bepaal—

(a) enige beampte of werknemer, of 'n beampte of werknemer van 'n bepaalde rang; of

(b) enige instelling of liggaam by wet in die Provinsie ingestel,

skriftelik te magtig om enige bevoegdheid uit te oefen, of enige plig te verrig, van sodanige bevoegde gesag, uitgesonderd die bevoegdheid om proklamasies of regulasies uit te vaardig.

Dit maak ook daarvoor voorsiening dat 'n bevoegde gesag nie verhinder word om 'n funksie aldus gemagtig uit te voer nie, en dat sodanige magtiging skriftelik teruggetrek kan word.

Klousule 3

Dit herroep die Ordonnansie insake die Opdrag van Bevoegdhede, 1945 (Ordonnansie No. 20 van 1945).

Klousule 4

Om die Wetsontwerp van 'n kort titel te voorsien.

(vii) **Ander inligting wat nodig geag word deur die lid in beheer van die Wetsontwerp**

Geen.

NOTICE 3341 OF 1995

PROVINCIAL COMMISSIONS BILL, 1995

In terms of Rule 127(1)(a) of the Standing Rules of the Provincial Legislature, the Provincial Service Commission Bill, 1994, is hereby published for general information.

Any person or organisation wishing to comment on the said Bill may lodge his, her or its written comment with me before 4 October 1995 by posting it to or handing it in at the following address:

Mr J. C. van Niekerk
Room D.G. 11
Directorate Legal Services
Old Provincial Headquarter Building
corner of Pretorius and Bosman Streets
PRETORIA
0001
Telephone 201-2356.

BILL

To make provision for the functions of commissions of enquiry appointed by the Premier, and to provide for incidental matters.

BE IT ENACTED by the Provincial Legislature of the Province of Gauteng, as follows:

Definitions

1. In this Act, unless the context indicates otherwise—

"chairperson", in relation to a commission, means the chairperson of that commission designated under section 2(1)*(e)*;

"commission" means a commission of enquiry appointed under section 147(1)*(d)* of the Constitution;

"Constitution" means the Constitution of the Republic of South Africa, 1993 (Act No. 200 of 1993);

"Premier" means the Premier of the Province acting in accordance with section 147(2) of the Constitution;

"Province" means the Province of Gauteng;

"Supreme Court" means the Supreme Court of South Africa.

Proclamation by Premier

2. (1) Whenever the Premier has appointed a commission, he or she may, by proclamation in the *Provincial Gazette*—

(a) declare the provisions of this Act or any other law to be applicable to such commission, subject to such modifications and exceptions as he or she may specify in such proclamation;

(b) define the matter to be investigated by the commission and its other terms of reference;

(c) make regulations—

(i) conferring additional powers on the commission;

(ii) providing for the procedure to be followed at the investigation and for the preservation of secrecy; and

(iii) providing generally for all matters which he or she considers necessary or expedient to prescribe for the purposes of the investigation;

(d) appoint a secretary to the commission, and such other officials as he or she may deem necessary to assist the commission;

(e) designate any member of the commission as the chairperson of that commission; and

(f) reconstitute or terminate the commission.

(2) Any regulation made under subsection (1)*(c)* may provide for penalties for any contravention thereof or failure to comply therewith, by way of a fine or imprisonment for a period not exceeding six months.

(3) Subject to section 11, a member or an official of a commission who is not in the full-time employment of the State may be paid such remuneration, allowances and expenses as may be determined by the Premier.

Sittings of Commission

3. (1) A commission may sit at any time and place in the Province determined by the chairperson, for the purpose of hearing evidence or addresses or of deliberating.

(2) Unless the chairperson for good reasons decides otherwise, all evidence and addresses shall be heard by a commission in public, and the chairperson shall give notice thereof in such manner as he or she may determine.

Witnesses

4. (1) For the purpose of ascertaining any matter relating to the subject of its investigation, a commission shall have the powers which the Supreme Court has within the Province—

(a) to subpoena any person to attend a sitting of the commission in order to give evidence, or produce any book, document or object, before the commission at the time and place specified in the subpoena; and

(b) to call as a witness any person present at a sitting of the commission and—

(i) cause an oath or affirmation to be administered to him or her;

(ii) examine him or her; and

(iii) call him or her to produce any book, document or object.

(2) A subpoena contemplated in subsection (1)*(a)* shall be signed and issued by the secretary of the commission, and shall be served by the secretary, or any person authorized by the secretary to do so, in the same manner as a subpoena for the attendance of a witness at a criminal trial in the Supreme Court.

(3) If required by the chairperson to do so, a witness shall, before giving evidence, take an oath or make an affirmation administered by the chairperson or such official of the commission as the chairperson may designate.

(4) Any person who has been subpoenaed to attend any sitting of a commission as a witness or has given evidence before a commission shall be entitled to the same witness fees as if he or she had been subpoenaed to attend, or had given evidence at, a criminal trial in the Supreme Court held at the place of such sitting.

Offences by witnesses

5. (1) Any person subpoenaed under section 4(1)*(a)*, read with section 4(2), who, without sufficient cause—

(a) fails to attend at the time and place specified in the subpoena; or

(b) fails to remain in attendance until the completion of the investigation before the commission or until he or she is excused by the chairperson from further attendance,

shall be guilty of an offence.

(2) Any person called as a witness under section 4(1)*(b)* who, without sufficient cause—

(a) refuses to be sworn or to make an affirmation as a witness after he or she has been required by the chairperson to do so;

(b) having been sworn or having made an affirmation, fails to answer fully and satisfactorily any question lawfully put to him or her; or

(c) fails to produce any book, document or object in his or her possession or custody or under his or her control, which he or she has been called to produce,

shall be guilty of an offence.

(3) any witness who, after having been sworn or having made an affirmation, gives false evidence before a commission on any matter, knowing such evidence to be false or not believing it to be true, shall be guilty of an offence.

(4) Any person convicted of an offence in terms of subsection (1), (2) or (3) shall be liable to a fine or to imprisonment for a period not exceeding 12 months, or to both such fine and imprisonment.

Offences in respect of witnesses

6. Any person who—

(a) procures, induces, intimidates, corrupts or bribes any witness to refrain from giving evidence or to give false evidence before a commission;

(b) by any means or contrivance whatsoever keeps a witness away from any sitting of a commission; or

(c) destroys or conceals any book, document or object which is his or her knowledge might be of assistance to a commission in any matter relating to the subject of its investigation,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding 12 months, or to both such fine and imprisonment.

Obstructing commission prohibited

7. Any person who, at any sitting of a commission, wilfully—

(a) interrupts the proceedings of a commission;

(b) hinders or obstructs a commission in the performance of its functions; or

(c) disturbs the peace and order of such proceedings,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding six months, or to both such fine and imprisonment.

Report of commission

8. (1) (a) A commission shall report in writing to the Premier in accordance with its terms of reference, but not later than 12 months after its appointment or such further period as may be granted by the Premier on the written request of the commission.

(b) Any disagreement among the members of a commission shall be stated in such report.

(2) Any person who, without the consent of the Premier or the commission furnishes a copy of the report of a commission, or any part thereof, to any other person before the expiration of a period of 14 days after it has been submitted to the Premier shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding six months, or to both such fine and imprisonment.

Certain evidence not to be divulged

9. Any person appointed to assist a commission who, without the consent of the commission or the Premier or otherwise than in the discharge of his or her duties to such commission, divulges to any other person any evidence given at a sitting of such commission which is not open to the public, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding two years, or to both such fine and imprisonment.

Rules for regulating proceedings

10. A commission may, subject to the provisions of this Act, make such rules for its own guidance on the conduct and management of its proceedings as it may determine.

Cost of commission

11. The remuneration, allowances and expenses of a member or an official contemplated in section 2(3), the witness fees contemplated in section 4(4) and all other costs which the Premier regards necessary for the proper performance by the commission of its functions, shall be paid out of money appropriated for that purpose by the Provincial Legislature, unless the person, local authority or other body who asked for such commission has, before the appointment of the commission, agreed with the Premier to pay all or a portion of such costs.

Repeal of Ordinance 9 of 1960

12. (1) Subject to subsection (2), the Commissions of Inquiry Ordinance, 1960 (Ordinance No. 9 of 1960), is hereby repealed.

(2) Any commission appointed under the said Ordinance before the commencement of this Act may be continued under that Ordinance in so far as it is not in conflict with the Constitution.

Short title

13. This Act shall be called the Provincial Commissions Act, 1995.

MEMORANDUM IN TERMS OF RULE 132 OF THE STANDING RULES OF THE PROVINCIAL LEGISLATURE ON THE PROVINCIAL COMMISSIONS BILL, 1995

(i) **Reasons for the Bill**

The proposed Bill on Provincial Commissions regulates the functions of commissions of enquiries appointed by the Premier under section 147(1)(d) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1993 (Act No. 200 of 1993). The commissions as appointed will then be able to investigate into matters as defined by the Premier by proclamation in the *Provincial Gazette.* The Bill also makes provision for the repeal of the Commissions of Inquiry Ordinance, 1960 (Ordinance No. 9 of 1960) so that there will only be one Bill regulating commissions of enquiry on provincial level.

(ii) **Effects of the Bill**

A commission of inquiry appointed by the Premier may investigate matters as defined by the Premier by proclamation in the *Provincial Gazette* and, unless the chairperson decides otherwise, the public will be able to hear evidence and addresses made to such a commission on issues under investigation.

(iii) **Environmental impact**

If environmental issues are investigated by a commission of enquiry it might have an impact on the environment.

(iv) **Financial implications**

The remuneration, allowances and expenses of a member or an official of a commission who is not in the full-time employment of the State, the witness fees and all other costs which the Premier regards necessary for the functioning of a commission, shall be paid out of money appropriated for that purpose by the Provincial Legislature, unless the person, local authority or other body who asked for such commission has, before the appointment of the commission, agreed with the Premier to pay all or a portion of such costs.

(v) **Comments**

The Bill has not been published for comments.

(vi) **Clause-by-clause explanations**

(aa) In clause 1 certain words are defined.

(bb) Clause 2 provides for the appointment of a commission by the Premier by proclamation in the *Provincial Gazette.* In such proclamation, the Premier may define the matters to be investigated by the commission, make regulations, appoint a secretary and other officials, designate a chairperson and also make provisions for the reconstitution or termination of such a commission. Any such regulations may provide for penalties for any contravention thereof. Provision is also made for the remuneration of a member or an official of a commission who is not in the full-time employment of the State.

(cc) Provision is made in clause 3 for the sittings of a commission as determined by the chairperson and also for the decision of a chairperson to hear all evidence and addresses regarding the issues under investigation in public.

(dd) Clause 4 empowers a commission to subpoena witnesses to give evidence under oath or affirmation or to produce any book, document or object as determined by such a commission.

Provision is also made for procedure regarding the issuing of subpoenas and fees payable to such witnesses.

(ee) Offences by witnesses such as failing to attend or remain in attendance at a meeting as specified by a commission, refusal to be sworn in or make an affirmation, failing to answer fully and satisfactorily, failing to produce *inter alia* books or documentation as required and the giving of false evidence before a commission as well as the penalties thereof are provided for in clause 5.

(ff) Clause 6 makes provides that it is an offences for a witnesses to *inter alia* give false evidence, bribe any witness to refrain from giving evidence, keep a witness away from any sitting of a commission or destroy or conceal any book, document or object which might be of assistance to a commission.

(gg) It is also an offence, according to clause 7, for any person to *inter alia* wilfully interrupt the proceedings of a commission, hinder or obstruct a commission or disturb the peace and order of such proceedings.

(hh) Clause 8 makes provision for a commission to report to the Premier in writing within a certain period. Any disagreement among the members of a commission shall be stated in such report and a copy of such report or any part thereof may not be furnished to any other person within the specified date.

(ii) Clause 9 provides that it is also an offence to divulge any evidence given at a sitting of a commission (which is not open to the public) to any other person.

(jj) According to clause 10, a commission may make such rules for its own guidance on the conduct and management of its proceedings.

(kk) Clause 11 provides for the remuneration, allowances and expenses of a member or of an official who is not in the full-time employment of the State, witness fees and all other costs which the Premier regards necessary for the performance by the commission of its functions, to be paid out of money appropriated for that purpose by the Provincial Legislature. Provision is also made for the person, local authority or other body who asked for such commission (before the appointment of the commission), to pay all or a portion of such costs if so agreed with the Premier.

(ll) The Commission of Inquiry Ordinance, 1960 (Ordinance No. 9 of 1960), is repealed by clause 12 and provision is also made for any commission appointed under the said Ordinance before the commencement of this Bill to be continued under that Ordinance in so far as it is not in conflict with the Constitution.

(mm) Clause 13 contains the short title.

(vii) **Other information deemed necessary by the member in charge of the Bill.**

None.

NOTICE 3024 OF 1995

NOTICE IN CONNECTION WITH MINERAL RIGHTS

The rights to minerals on Holding 163, Bush Hill Estate Agricultural Holdings, are reserved in favour of Tom Kelly and His Successors in Title.

Whereas the owners of the said property, Johanna Christina Jeanes, c/o Marius van der Merwe & Associates, P.O. Box 39349, Booysens, 2016, intends applying to the Greater Johannesburg Transitional Metropolitan Council (Randburg Administration), for permission to subdivide the said property and whereas the said Mineral Rights Holders can not be traced.

Notice is hereby given in terms of Section 69(5)(i)(bb) of Ordinance 1986 (15 of 1986), that any person who wishes to lodge an objection or make representation in respect of the Mineral Rights, shall do so in writing to: Town Clerk, at Private Bag 1, Randburg, 2125, within 28 days from the first date of this advertisement, which is 6 September 1995.

KENNISGEWING 3024 VAN 1995

KENNISGEWING IN VERBAND MET MINERALEREGTE

Die mineraleregte op Hoewe 163, Bush Hill Landbou Hoewes, is gereserveerd ten gunste van Tom Kelly en sy Opvolgers in Titel.

Aangesien die eienaars van die genoemde eiendom, Johanna Christina Jeanes, p/a Marius van der Merwe & Genote, Posbus 39349, Booysens, 2016, van voornemens is om by die Groter Johannesburg Metropolitaanse Oorgangsraad (Randburg Administrasie) aansoek te doen vir die onderverdeling van die genoemde eiendom, en aangesien die genoemde persoon tot die Regte van Minerale nie opgespoor kan word nie.

Hiermee word ingevolge Artikel 69(5)(i)(bb) van Ordonnansie 1986 (15 van 1986), kennis gegee dat enige persoon wat beswaar wil aanteken of vertoë ten opsigte van die Mineraleregte wil rig, dit skriftelik moet doen by die: Stadsklerk, by Privaatsak 1, Randburg, 2125, binne 'n tydperk van 28 dae vanaf die datum van die eerste publikasie, naamlik 6 September 1995.

30–6–13

NOTICE 3026 OF 1995

PRETORIA AMENDMENT SCHEME

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF THE TOWN-PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56 (1) (b) (i) OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)

We, Van Zyl & Benadé Town and Regional Planners, being the authorised agents of the owner of Erf 253 Menlo Park, hereby give notice in terms of section 56 (1) (b) (i) of the Town-Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that we have applied to the City Council of Pretoria for the amendment of the town planning scheme, known as the Pretoria Town-Planning Scheme, 1974, by the rezoning of the property described above, situated at 95, 8th Street Menlo Park, from Special Residential to Group Housing.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of: The Executive Director: City Planning and Development, Division Development Control, Application Section, Room 6002, West Block, Munitoria, Van der Walt Street, Pretoria, for a period of 28 days from 6 September 1995 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to: The Executive Director: City Planning and Development at the above address or P.O. Box 3242, Pretoria, 0001, within a period of 28 days from 6 September 1995.

Address of agent: Van Zyl & Benadé Town and Regional Planners, P.O. Box 32709, Glenstantia, 0010.

KENNISGEWING 3026 VAN 1995

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DIE DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56 (1) (b) (i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

Ons, Van Zyl & Benadé Stads- en Streekbeplanners, synde die gemagtigde agente van die eienaar van Erf 253 Menlo Park, gee hiermee ingevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat ons by die Stadsraad van Pretoria aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema, bekend as die Pretoria Dorpsbeplanningskema, 1974, deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë te 8 ste Straat 95, Menlo Park, van Spesiale Woon tot Groepsbehuising.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoor-ure by die kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, Afdeling Ontwikkelingsbeheer, Aansoekadministrasie, Kamer 6002, Wesblok, Munitoria, Van der Waltstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 6 September 1995.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 6 September 1995 skriftelik by of tot die Uitvoerende Direkteur: Stedelike Beplanning en Ontwikkeling by bovermelde adres of by Posbus 3242, Pretoria, 0001, ingedien of gerig word.

Adres van agent: Van Zyl & Benadé Stads- en Streekbeplanners, Posbus 32709, Glenstantia, 0010.

30–6–13

NOTICE 3102 OF 1995

AMENDMENT OF THE BENONI INTERIM TOWN-PLANNING SCHEME 1/175

BENONI AMENDMENT SCHEME 1/175

In terms of Section 34A (2) (a) of Ordinance 25 of 1965 it is hereby announced that City Council of Greater Benoni has applied for the amendment of the Benoni Interim Town-planning Scheme 1/175 in order to amend the zoning of Holding 140 Brentwood Park Agricultural Holdings from a reservation for road purposes to "Agricultural".

The Interim Scheme and particulars of the amendment thereof are open for inspection at the office of the Chief Director: Witwatersrand, Branch Community Development, Third Floor, TPA Building, 40 Catlin Street, Germiston and the office of the Town Clerk, Benoni.

Any objections to or representations in regard of the amendment shall be submitted in writing with the Chief Director: Witwatersrand, Branch Community Development at the above address of P O Box 57, Germiston, 1400, on or before 5/10/95 and shall reach this office not later than 14:00 on the said date.

Date of publication: 6/9/95 and 13/9/95.

(GO 15/16/3/6/175U)

KENNISGEWING 3102 VAN 1995

WYSIGING VAN DIE BENONI VOORLOPIGE DORPSBEPLANNINGSKEMA 1/175

BENONI WYSIGINGSKEMA 1/175

Ingevolge die bepalings van Artikel 34A (2) (a) van Ordonnansie 25 van 1965 word hiermee bekendgemaak dat Stadsraad van Groter Benoni aansoek gedoen het om die wysiging van die Benoni voorlopige Dorpsbeplanningskema 1/175 ten einde die sonering van Hoewe 140 Brentwood Park Landbouhoewes te wysig vanaf 'n reserwe vir paddoeleindes na "Landbou".

Die voorlopige skema en besonderhede van die wysiging daarvan lê ter insae in die kantoor van die Hoofdirekteur: Witwatersrand, Tak Gemeenskapsontwikkeling, Derde Verdieping, TPA Gebou, Catlinstraat 40, Germiston en in die kantoor van die Stadsklerk, Benoni.

Enige beswaar of vertoë in verband met die wysiging moet skriftelik aan die Hoof van die Hoofdirekteur: Witwatersrand, Tak Gemeenskapsontwikkeling by bovermelde adres of Posbus 57, Germiston, 1400 op of voor 5/10/95 ingedien word en moet die kantoor nie later as 14:00 op die genoemde datum bereik nie.

Datum van publikasie: 6/9/95 en 13/9/95.

(GO 15/16/3/6/175U)

6–13

NOTICE 3135 OF 1995

SCHEDULE II

(Regulation 21)

NOTICE OF APPLICATION FOR ESTABLISHMENT OF TOWNSHIP EQUESTRIA EXTENSION 55

The Central Pretoria Metropolitan Substructure hereby gives notice in terms of section 69(6)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that an application to establish the township referred to in the annexure hereto, has been received by it.

Particulars of the application are open to inspection during normal office hours at the office of the City Secretary, Room 3031A, Third Floor, West Block, Munitoria, for a period of 28 days from 6 September 1995 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged in writing and in duplicate with the City Secretary at the above office or posted to him at PO Box 440, Pretoria, 0001, within a period of 28 days from 6 September 1995.

City Secretary.

6 September 1995.

13 September 1995.

(Notice 890 of 1995)

ANNEXURE

Name of township: **Equestria Extension 55.**

Full name of applicant: Aletta Maria van Wyk.

Number of erven and proposed zoning: Group Housing at a density of 25 units per hectare.

Description of land on which township is to be established: Holding 106, Willow Glen Agricultural Holdings.

Locality of proposed township: The property is located in Furrow Road, between Ouklipmuur and Libertas Avenues.

Reference Number: K13/2/Equestria X55.

KENNISGEWING 3135 VAN 1995

SKEDULE II

(Regulasie 21)

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM STIGTING VAN DORP EQUESTRIA UITBREIDING 55

Die Sentrale Pretoria Metropolitaanse Substruktuur gee hiermee ingevolge artikel 69(6)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n aansoek deur hom ontvang is om die dorp in die bylae hierby genoem, te stig.

Besonderhede van die aansoek lê gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 3031A, Derde Verdieping, Wesblok, Munitoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 6 September 1995 (die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing) ter insae.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 6 September 1995 skriftelik en in tweevoud by die Stadsekretaris by bovermelde kantoor ingedien of aan hom by Posbus 440, Pretoria, 0001, gepos word.

Stadsekretaris.

6 September 1995.

13 September 1995.

(Kennisgewing 890 van 1995)

BYLAE

Naam van dorp: **Equestria Uitbreiding 55.**

Volle naam van aansoeker: Aletta Maria van Wyk.

Aantal erwe en voorgestelde sonering: Groepsbehuising teen 'n maksimum digtheid van 25 eenhede per hektaar.

Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word: Hoewe 106, Willow Glen Landbouhoewes.

Ligging van voorgestelde dorp: In Furrowweg, tussen Ouklipmuur- en Libertaslaan.

Verwysingsnommer: K13/2/Equestria X55.

6–13

NOTICE 3136 OF 1995

FIRST SCHEDULE

(Regulation 5)

CENTRAL PRETORIA METROPOLITAN SUBSTRUCTURE

NOTICE OF DIVISION OF LAND

The Central Pretoria Metropolitan Substructure hereby gives notice, in terms of section 6(8)(a) of the Division of Land Ordinance, 1986 (Ordinance 20 of 1986), that an application to divide the land described below has been received.

Further particulars of the application are open to inspection at the office the City Secretary, Room 3031E, Third Floor, West Block, Munitoria, Van der Walt Street, Pretoria.

Any person who wishes to object to the granting of the application or to make representations in regard to the application shall submit his objections or representations in writing and in duplicate to the City Secretary at the above address or post them to PO Box 440, Pretoria, 0001, at any time within a period of 28 days from the date of first publication of this notice.

Date of first publication: 6 September 1995.

Description of land: Portion 160 (a portion of Portion 17) of the farm De Onderstepoort 300 JR.

Number and area of proposed portions: Division into 2 portions:

Portion 1: Approximately 9 028 m² in extent

Remainder: Approximately 15 375 m² in extent.

(K13/5/De Onderstepoort 300 JR-Ged 160)

City Secretary.

6 September 1995.

13 September 1995.

(Notice 889 of 1995)

KENNISGEWING 3136 VAN 1995

EERSTE BYLAE

(Regulasie 5)

SENTRALE PRETORIA METROPOLITAANSE SUBSTRUKTUUR

KENNISGEWING VAN VERDELING VAN GROND

Die Sentrale Pretoria Metropolitaanse Substruktuur gee hiermee, ingevolge artikel 6(8)(a) van die Ordonnansie op die Verdeling van Grond, 1986 (Ordonnansie 20 van 1986), kennis dat 'n aansoek ontvang is om die grond wat hierna beskryf word, te verdeel.

Nadere besonderhede van die aansoek lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 3031E, Derde Verdieping, Wesblok, Munitoria, Van der Walt-straat, Pretoria.

Enige persoon wat teen die toestaan van die aansoek beswaar wil maak of vertoë in verband daarmee wil rig, moet sy besware of vertoë skriftelik en in tweevoud by die Stadsekretaris by bovermelde adres indien of aan Posbus 440, Pretoria, 0001, pos, te eniger tyd binne 'n tydperk van 28 dae vanaf die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing.

Datum van eerste publikasie: 6 September 1995.

Beskrywing van grond: Gedeelte 160 ('n gedeelte van Gedeelte 17) van die plaas De Onderstepoort 300 JR.

Getal en oppervlakte van voorgestelde gedeeltes: Verdeling in 2 gedeeltes:

Gedeelte 1: Ongeveer 9 028 m² groot

Restant: Ongeveer 15 375 m² groot.

(K13/5/De Onderstepoort 300JR-Ged 160)

Stadsekretaris.

6 September 1995.

13 September 1995.

(Kennisgewing 889 van 1995)

6–13

NOTICE 3138 OF 1995

SCHEDULE II

(Regulation 21)

NOTICE OF APPLICATION FOR ESTABLISHMENT OF TOWNSHIP MUCKLENEUK

The Central Pretoria Metropolitan Substructure hereby gives notice in terms of section 69(6)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that an application to establish the township referred to in the annexure hereto, has been received by it.

Particulars of the application are open to inspection during normal office hours at the office of the City Secretary, Room 3031B, Third Floor, West Block, Munitoria, for a period of 28 days from 6 September 1995 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged in writing and in duplicate with the City Secretary at the above office or posted to him at PO Box 440, Pretoria, 0001, within a period of 28 days from 6 September 1995.

City Secretary.

6 September 1995.

13 September 1995.

(Notice 849 of 1995)

ANNEXURE

Name of township: **Muckleneuk.**

Full name of applicant: Universiteit van Suid-Afrika.

Number of erven and proposed zoning: Educational: 3.

Description of land on which township is to be established: Portion 373 and the Remainder of Portions 372 and 12 of the farm Elandspoort 357 JR.

Locality of proposed township: The proposed township is situated between Walker Street in the north, Van Boeschoten Avenue in the west and Willow Road in the south.

(Reference Number: K13/2/Muckleneuk)

KENNISGEWING 3138 VAN 1995

SKEDULE II

(Regulasie 21)

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM STIGTING VAN DORP MUCKLENEUK

Die Sentrale Pretoria Metropolitaanse Substruktuur gee hiermee ingevolge artikel 69 (6) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n aansoek deur hom ontvang is om die dorp in die bylae hierby genoem, te stig.

Besonderhede van die aansoek lê gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 3031B, Derde Verdieping, Wesblok, Munitoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 6 September 1995 (die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing) ter insae.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 6 September 1995 skriftelik en in tweevoud by die Stadsekretaris by bovermelde kantoor ingedien of aan hom by Posbus 440, Pretoria, 0001, gepos word.

Stadsekretaris.

6 September 1995.

13 September 1995.

(Kennisgewing 849 van 1995)

BYLAE

Naam van dorp: **Muckleneuk.**

Volle naam van aansoeker: Universiteit van Suid-Afrika.

Aantal erwe en voorgestelde sonering: Opvoedkundig: 3.

Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word: Gedeelte 373 en die Restante van Gedeeltes 372 en 12 van die plaas Elandspoort 357 JR.

Ligging van voorgestelde dorp: Die voorgestelde dorp is geleë tussen Walkerstraat in die noorde, Van Boeschotenlaan in die weste en Willowweg in die suide.

(Verwysingsnommer: K13/2/Muckleneuk)

6–13

NOTICE 3139 OF 1995

CENTRAL PRETORIA METROPOLITAN SUBSTRUCTURE

NOTICE OF DRAFT SCHEME 4809

The Central Pretoria Metropolitan Substructure hereby gives notice in terms of section 28 (1) (a), read with section 55, of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Pretoria Amendment Scheme 4809, has been prepared by it.

This scheme is an amendment of the Pretoria Town-planning Scheme, 1974, and contains the rezoning of Erf 46, Maroelana, and the proposed Portion 1 of Erf 98, Maroelana, from Municipal and Existing Street respectively to Special for offices.

The draft scheme is open to inspection during normal office hours at the office of the City Secretary, Room 3031E, Third Floor, West Block, Munitoria, Van der Walt Street, Pretoria, for a period of 28 days from 6 September 1995.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged in writing with the City Secretary at the above office or posted to him at P.O. Box 440, Pretoria, 0001, within a period of 28 days from 6 September 1995.

[K13/4/6/3/Maroelana-46 (4809)]

City Secretary.

6 September 1995.

13 September 1995.

(Notice 901 of 1995)

KENNISGEWING 3139 VAN 1995

SENTRALE PRETORIA METROPOLITAANSE SUBSTRUKTUUR

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA 4809

Die Sentrale Pretoria Metropolitaanse Substruktuur gee hiermee ingevolge artikel 28 (1) (a), gelees met artikel 55, van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerpdorpsbeplanningskema wat bekend sal staan as Pretoria-wysigingskema 4809, deur hom opgestel is.

